

21 April

Skrifgedeelte: Markus 11:1-11 (OAV)

Fokusgedeelte: Markus 10:31

Jesus se Koningskap verontagsaam

Met die intog in Jerusalem laat Jesus Hom die eerbewyse van die skare nie alleen welgeval nie, Hy tree self ook koninklik op. As Koning kommandeer Hy 'n vars rydier, want 'n vors deel nie 'n rydier nie – hy het eerste gebruiksreg. Die mense wat by die vul staan, gee die dier ook sonder argument af aan sy dissipels. Sowel hulle optrede as die van die dissipels getuig van respek vir Jesus as Gebieder. Daarom begelei hulle Hom vorstelik Jerusalem binne. Hulle gooi hulle klere op die donkievul as saal om op te sit, terwyl ander hulle klere of palmtakke op die grond voor die esel gooi. En wanneer hulle hierdie eerbewys ook hoorbaar maak, maak Jesus hulle nie stil nie. Jerusalem moet hoor dat Dawid se Seun, hulle langverwagte Koning, die stad binnekom. Uit dankbaarheid moet daar (volgens Psalm 118 wat hulle in hulle Hosannas gebruik) vir Hom wat kom in die Naam van die HERE, dank- en vreugdeoffers gebring word. Hy wat kom in die HERE se Naam, kom immers om die ryk van Dawid te herstel.

Maar wanneer Jesus na die tempel gaan, is daar geen weerklank van die Hosanna wat opklink nie. Trouens, daar is 'n koue, doodse stilte. Die stilte van 'n vyandige doodsheid wat opstyg van die godsdienstige leiers wat in die tempel aanbid. Wanneer Hy daardie aand saam met sy dissipels die stad verlaat om in Betanië te oornag, hang die verwerping wat op sy dood sou uitloop reeds soos 'n donker skadu oor Hom.

Hoe maklik weerspieël ons eie lewe nie ook hierdie wisseling tussen Hosannas en verwerping nie. Een oomblik is ons in die wolke oor Hom wat vir ons sorg, en die volgende oomblik is Hy 'n bedreiging vir ons eie belange. Kan mens die groot Koning werklik so halfhartig dien? Nee! Laat "Hosanna vir die Seun van Dawid" eerder die een en al van jou lewe wees.

Sing: Psalm 118:13

Ds BC Smit (Brits-Wes)